nicovanderwalt.com

# PIET & BARRY BURGER

# DAGGABOERE
## deel 1

Piet en Barry Burger was onafskeidbaar van die eerste dag wat Piet se pa vir Barry by die kinderhuis opgetel het om saam met hulle vir die Desember vakansie Margate toe te gaan. Daardie nuwe jaar trek Barry by die Burgers in en van daar was dit Piet en Barry. Vinkel en koljander.
Vandag tien jaar na daardie Margate vakansie staan Piet en Barry in die gang voor die Pretoria polisiekollege hoof se kantoor. Die uittree parade is verby en hulle is gevra om hulle orders persoonlik by die hoof te gaan haal.
"Daar is 'n *disturbance* in die *force*, Piet." Sê Barry.

# PIET EN BARRY EN DIE DAGGABOERE DEEL 1

Vir 'n groot man wat soos 'n Zulu kryger lyk kan hy maar soms verniet worrie. Piet en Barry was vir lank die oorsprong van die groot skinder in Warmbad. Of soos die dorp nou heet, Bela Bela in Limpopo. Barry is oorspronklik nie Afrikaans nie. Hy is 'n Afrikaanse/Sesotho man. Piet se ma en Pa het een aand terselfdertyd die gevoel gekry dat hulle moet 'n seuntjie by die kinderhuis gaan uit-boek vir die vakansie. 'n Maatjie vir Piet. Die kinderhuis gee toe vir Barry die kans om op vakansie te gaan saam met die Burgers. Omdat hy nog nooit die see gesien het nie. Na daardie vakansie in Margate moes die broers hulle storie vertel elke keer as hulle sê hulle is broers. Piet Burger en Barry Mhabe Burger. Hier staan die twee voor die Chief se kantoor.

“Jy verbeel jouself. Die Chief laaik ons kwaai. Hy wil seker net persoonlik ons gelukwens.” Piet probeer Barry kalm hou.

“Ek sê jou Piet. 'n *Disturbance*.”

“Moenie daar staan soos blomplante nie. KOM IN!” bulder die kollegehoof van binne.

“'n *Disturbance* Piet.”  Piet kan nie uitmaak of die rooi om die Chief se gesig sy normale rooi is en of dit is oor iets wat hulle aangevang het nie.

Piet en Barry staan op aandag voor die hoof se tafel. Hy haal 'n groot vetterige stuk biltong uit sy tafellaai, maak sy knipmes oop en sny 'n lekker

stuk af. Hy prop die hele stuk in sy mond en begin kou soos 'n ou cowboy met '*chew*' in sy mond.
“Ek moet julle manne bedank. Ek het gedag vandag sou nooit opdaag nie. Dankie manne. Baie dankie.”
Piet kan nou sien dat die rooi is 'n paar *shades* rooier as gewoonlik. Selfs die Chief se ore is rooi.
”BAIE DANKIE DAT EK NOOIT OOIT JULLE GESIGTE OOIT GAAN SIEN NIE!” Hy wys na 'n klos grys hare. “Kyk! Hierdie is nie my vrou, of my brak, of die bakkie wat breek nie. Hierdie IS JULLE TWEE! Julle twee. Niemand anders nie.” Hy gil so onbeheerd dat die spoeg-sop tot by die manne trek. Die Chief staan nou op om die manne *square* in die oe te kyk.
“Ek pos julle so vêr as wat ek kan. As Suid-Wes nog deel was van ons het julle daar beland.” Die Chief neem 'n A4 dossier en *frisbee* dit na Barry.
“Julle meld aan binne 48 uur. Niks stories nie. Geen *swops* nie.” Die Chief gaan sit. Duidelik uitgeput.
“Trap. Trap uit my kantoor!” Die Chief haal nou self moeilik asem.
“*Intense* broer. Die Chief was intense.” Piet skud sy kop terwyl Barry duidelik nog bietjie bomskok het.
“Ek het jou gesê Piet. 'n *Disturbance*.” Barry beaam sy stelling.
Met al die Mielie-oes voorbereidings wat aan die gang is, kon Piet en Barry se ouers nie die uittree-

parade bywoon nie. Barry het egter die hele ding lewendig op sy Facebook uitgesaai. Hy het 'n gopro ge-McGywer soos 'n *bodycam* en per ongeluk hulle *orders* van die Chief ook uitgesaai. Die manne was nog nie eers uit die admin gebou toe hulle ma vir Piet bêl.

"Wat het julle aangevang om julle hoof so kwaad te maak?" vra hulle ma.

"Ag Ma. Ons het niks gedoen nie. Die Chief is maar net oud en verstaan seker nie ons jong mense nie. Ek hoor hy kan nie eers Whatsapp nie." vertel Piet.

"Hey Piet. Ons gaan see toe! Nice." sê Barry.

"Ek weet nie Ma." sê Piet. Hulle ma het gehoor wat Barry gesê het.

"Moenie nou al begin huil nie Ma. Barry praat net sommer. Ek bel Ma sodra ons meer weet." Piet groet sy ma en bêre sy foon.

"Wat?" vra Piet

"Ons gaan Kaap toe. Ek dink dis die Kaap. Strand. Is Strand in die Kaap?" Vra Barry.

"Dude. Ons was al daar. Dis waar Oupa Riaan en Ouma Zellie bly." Piet *educate* sy broer.

"Nice. Ek laaik dit daar." sê Barry.

"Ai Dude. Strand is net vol oumense en afgetrede dominees. Niks girls nie." Piet is sommer moerig toe hy dit sê.

"Jy vergeet van die varsity girls in Stellies boeta."

Barry het 'n punt beet. Piet sien nou bietjie meer uit na die groot trek.
Piet en Barry wou nog altyd deel wees van die Polisie. Toe hulle hoor dat hulle Pa na 'n Polisie voertuig veiling gaan, het hulle alles gedoen om saam te gaan. Die broers het hulle geld gepoel en 'n vrek ou Nissan Safari bakkie gekoop met 'n blik canopy. Hulle het gehoop dat hulle die blou ligte kon kry, maar die was verwyder voor hulle die bakkie gevat het. Hulle pa het gesê dat hy nie betrokke gaan wees met die besigheid nie, en dat hulle op hulle eie die bakkie moes *fix* en op die pad kry. Natuurlik het hulle hoog en laag belowe om te doen soos hulle pa gesê het. Na 'n jaar is die bakkie op die pad en die groot petrol engine het gebrul soos 'n leeu. Later het Piet op die Polisie *website* gesien dat nog 'n veiling oppad was en het Barry oorreed dat hulle nou *bikes* moet kry. Hy het glo gesien dat die *cops* daardie Suzuki *scramblers* ry wanneer hulle in die wildtuin uithelp. Net die ding om perps mee te vang. Kort voor lank was daar twee blou *scramblers* op die plaas.
Die geel bakkie was gepak en die *trailer* met die *scramblers* was gehaak. Reg om die groot trek Kaap toe aan te pak. Hulle het besluit om geen tyd te mors nie en dadelik na die episode met die Chief in die pad te val. Hulle sal sommer langs die pad uit hulle *blues* spring en padkos kry. Barry kan mos nie

langpad ry sonder om tien brode en liters en liters Coke te drink nie. Die manne het deurnag gery om 16 ure later voor ouma en oupa se deur te stop. Barry het darem met hulle gereël dat hulle oppad was. Die ou mensies was te bly dat die broers by hulle is en dadelik vir hulle die buite woonstel reg gekry.
Barry het geen tyd gemors nie en al sy rekenaars en IT goed in die woonstel aan die gang gekry. Piet het op sy beurt in die see gaan swem. Op hulle eie manier het albei die broers ontspan voor die groot dag more. Oupa het laat middag vir hulle die Strand Polisiestasie gaan wys waar hulle die volgende more vroeg moet aanmeld.
Vroeg die oggend staan Konstabel Piet en Konstabel Barry op parade by Strand Polisiestasie. Reg vir wat wag.
Luitenant Kolonel  Cebisa Zibula die stasiebevelvoerder staan agter 'n ou SAP podium en tik op die mikrofoon. Sy is baie kort so die stasie opsigter het vir haar 'n trappie gebou om op te staan. Die klankstelsel maak die tradisionele skwaak en almal gril vir die klank.
"Goeie more en welkom aan al ons nuwe konstabels. Vandag is die eerste dag van julle loopbane in die SAPD." Welkom die Kolonel die nuwe konstabels.
Piet en Barry staan op rus tussen al die ander

nuwelinge. Derde ry van voor.
“Ek moet gaan.” sê Barry.
“Shhhtt. Gaan waarheen?” vra Piet.
“Kamerverlaat.” laat weet Barry.
“Hell Pêl. Ons is groot mense. Dis nie meer kamer verlaat nie. In elk geval jy moet maar net knyp.” sê Piet. Barry skud sy kop en trippel op rus.
Zibula gaan voort met haar toespraak. Sy praat oor die land in 'n geheel en hoe die SAPD die *bullbar* is teen kriminele aktiwiteite. Haar toespraak kom uiteindelik tot 'n einde.
“En nou die oomblik waarvoor al julle nuwe konstabels voor gewag het. My assistent het voor hierdie verrigting my lys gekry van wie julle mentors gaan wees.” kondig Zibula aan.
Die oggend parade word verdaag en al die nuwe konstabels draf-stap na die admin kantoor se aanspeldbord. Almal behalwe die Burger broers. Barry moet mos eers kamerverlaat.
Die gang is 'n verkeersknoop voor die aanspeldbord met al die jong konstabels wat wil weet wie hulle mentors gaan wees. Piet en Barry staan eenkant en kyk na die sirkus.
“Kom Pieta ek weet wie ons gaan kry.” Barry pluk Piet aan sy uniform mou.
“Nee jy het nie.” sê Piet. Hy lyk sommer vies.
“Bangbroek. Klaar gedoen.” laat weet Barry sy broer. Barry draai sy tablet vir Piet om te sien.

## PIET EN BARRY EN DIE DAGGABOERE DEEL 1

"Wie's dit?" vra Piet. Barry kyk op sy tablet en vee met sy vinger. Op die skerm is die polisie dossier van twee speurders. Barry wys die skerm vir Piet en beduie met sy oë na twee manne wat buite staan en 'n rokie vang.

"Hulle?" vra Piet

"Ja hulle. Jy vang dit nog nie. Dit gaan perfek wees. Die maar oom is Adjudant Offisier Boelie Bezuidenhout. Die ander oom wat lyk soos 'n mechanic is adjudant offisier Staal Oosthuizen. AO Staal was nooit getroud nie en is 5 jaar weg van aftree. AO Boellie is getroud met Duifie Bezuidenhout ook 5 jaar weg van aftree." rapporteer Barry aan Piet. Rekenaars is vir Piet soos om tande te trek terwyl jy wiskunde huiswerk in Grieks probeer doen. Barry aan die anderkant verstaan die goed instinktief.

Adjudant Offisier Boelie Bezuidenhout maak sy sigaret dood in 'n ou metaal verfblik wat dien as 'n stompie blik terwyl Adjudant Offisier Staal Oosthuizen sy e-pyp afskakel en in sy sak druk.

"Jy weet daardie goed ontplof. Ek het op die *tube* gesien hoe so ding 'n ou se kakebeen weg geblaas het." sê Boelie. Staal haal dadelik die e-pyp uit sy broek sak en sit dit in sy baadjie sak.

"In daardie geval moet ek my pyp seker nie in my broeksak sit nie. Ek het 'n groot *date* vanaand. Wil nie iets wegblaas wat ek moet gebruik nie." skerts

Staal. Staal se slimfoon biep en hy lees die Whatsapp.
“Die baas soek ons.” sê Staal
“Te laat hier kom sy.” Boelie knik in Zibula se rigting. Zibula kom doelgerig aangestap na Boellie en Staal.
“Molweni Ooms. Het julle al julle *new recruits* gekry?” vra sy. Boellie en Staal lyk deurmekaar, soos gewoonlik.
“In elk geval. Elkeen van julle het 'n *recruit* en *please, pretty please* ooms moenie hulle breek nie.” smeek sy. Zibula handig 'n dossier aan Staal.
“Daar is *rumours* dat iemand in die Heldeberg area dagga olie maak en verkoop. Ek weet dat dit nou wettig is om jou eie boompie te hê vir 'n *recreational use*, maar ons moet nog ons werk doen. Ons het gehoor dat hulle êrens in die berge die olie maak en dan terugbring dorp toe. In die *file* is 'n *map* van waar ons dink die werk gedoen word. *Under good authority* het ons gehoor dat hulle in die volgende paar dae hulle load gaan skuif. Julle moet 'n *rolling roadblock* doen op die *dirt roads* wat ek op die *map* ge-sirkel het. En Ooms, *play nice* met die nuwe *recruits*.” Sonder om te wag vir terugvoer draai sy en stap weg. Staal maak die dossier oop en kyk na die kaart wat Zibula ge-sirkel het.
Boelie en Staal se kantoor lyk asof dit dalk 'n

stoorkamer kon wees in 'n vorige leeftyd. Klein, geen venster. Net genoeg plek vir twee tafels en 'n staal kas. AO Staal maak die staal kas oop. In die kas is 'n ketel en 'n klein yskas. 'n Koffie stasie. Die skoene-hokkie bo in die kas is omskep in 'n biltong droër. Daar is ook houers met Duifie se beskuit en voorraad om toast-broodjies te maak. AO Boelie sit by sy tafel en kyk deur die dossier. Staal maak koffie. Vir hierdie geleentheid gebruik hy die lekker poeier in die groen glas houer. Nie die poeier uit die goedkoop groot geel blik nie.
Staal het net die bekers met die duur poeierkoffie op Boelie en sy eie tafel gesit toe daar 'n klop aan die deur was.
“Binne!” skreeu Boelie. Dit is die Burger broers. Konstabel Piet en Konstabel Barry. Die ou krokodille bekyk die twee broers. Iets lyk nie reg vir hulle nie, maar die ou manne het nou al geleer om niks te sê nie. Barry sien dadelik die vraagtekens in *Bold* letters op die ooms se gesigte. Hy wys na homself en sê. “Aangeneem.” Die vraagtekens verander van *bold* na gewone letters, maar nog steeds daar.
“Kom in manne. Sit.” AO Staal wys na twee ou blou staal trommels wat teen die een muur staan. Barry is 'n groot man so dit is maar moeilik sit vir hom. Staal druk twee ge-chipte bekers koffie in Barry en Piet se hande. Die goedkoop geel blik se

koffie.
"Julle manne is in *luck. Straight from the top*. Julle boeties gaan ons help om 'n paar grassboere vas te trek." AO Staal handig die dossier vir Piet. Hy gaan voort.
"Ons moet 'n padblokkade opstel om 'n oog te hou vir die dagga-trok. Niemand weet wie hulle is of hoe hulle lyk nie. Al wat ons weet is dat die dagga binne die volgende paar dae vervoer gaan word vanaf die verskaffer na die die fabriek waar hulle die dagga-olie maak. Ons is nie direk betrokke nie maar die  drug-manne het hulp gevra."
"*Vapes*." sê Piet.
"Uhm wat?" vra AO Boelie.
"Die olie. Dit word gebruik in *vapes*." sê Piet.
"Oom, Wat moet ons doen?" vra Piet verder.
"Nommer 1. Ek is nie met jou tannie getroud nie so ons is nie familie nie. Jy kan my AO Staal noem en daardie oom (Staal maak *air-quotes*) kan julle AO Boelie noem." Laat weet AO Staal in geen onduidelike taal.
"Ongelukkig is daar nie genoeg  patrollie-bakkies vir ons om een te kry nie. Wat ry julle manne?" vra AO Boelie.
"Ons het 'n Nissan Patrol bakkie." laat weet Barry.
AO Boelie kyk na AO Staal.
"Dit sal doen manne. Dit sal doen." AO Staal het dit begin sê vandat hy daardie fliek met die varkie

gesien het. AO Boelie skud sy kop.
Piet en Barry is besig om die laaste voorbereidings te tref vir hulle padblokkade. Hulle is baie opgewonde.
Die broers volg die GPS na die pin wat in die dossier was. Êrens op 'n grondpad tussen Sir Lowrys Village en Lourensford Wynplaas. Hulle besluit om die padblokkade onder 'n klomp hoe Bloekombome op te slaan. Piet kry die blou *traffic cones* uit die bakkie se kappie. Barry is besig met sy eie ding. Piet weet al om nie vrae te vra nie. Barry maak die kant klap van die bakkie se blik kappie oop. Daar gaan dadelik LED liggies aan. Barry het een van sy rekenaars gebruik om 'n *mobile ops-centre* te bou. Met die nodige 5G of LTE internet.
“Nee my ou. Waarvoor gaan jy jou (airquotes) *opps-centre* nodig hê. Ons is die reserwes in hierdie *game*. Daar gaan seker niks hier verby kom nie.”
Piet was geïrriteerd toe hulle by die stasie weg is en nou hierdie *overkill* van Barry. Piet se woorde is nog nie koud nie toe stop daar 'n ou Fleetline Volkswagen kombie by hulle *makeshift* padblokkade. Piet spring op uit sy baie ou opvou kampstoel. Barry dra 'n geel driepoot nader en rig die gopro kamera in die rigting van die ou kombi.
“Middag Oom, Tannie.” Piet groet beleefd.
“Middag Boeta. Julle is op 'n snaakse plekkie.

Hierdie is dan nie eers 'n pad nie." Sê die Oom
"Ek is Oom Frans Venter en dit is Tannie Yolandie Venter." stel die oom hulle voor.
" 'n Grondblokade......" Piet lag vir sy eie grappie
Tannie Yolandie sit haar hand op Piet se hand wat op die deur van die kombi rus en skud haar kop op die manier wat almal kan verstaan dat dit nie eintlik snaaks was nie. 'n Flou *Dad-joke*.
"Ons monitor die area vir verdagte voertuie. Wat doen Oom en die Tannie hier?" vra Piet
"Tuinrommel konstabel. Dis al." sê Tannie Yolandie. Oom Frans klim uit en loop om die kombi tot by Piet.
"Jy kan maar loer Boeta. Tuinrommel soos die auntie sê." Oom Frans gly die kant-deur van die kombi oop. Daar is geen agtersitplekke nie. Net oorvol swart vuilgoedsakke. Een op die ander.
"Tuinrommel. Waar kom al hierdie tuinrommel vandaan?" vra Piet terwyl Barry die go-pro beman.
"Jy sien Boeta. Ek is ons ouetehuis se opsigter. Ons vat al die gesnyde gras na die plaas. Die hoenders hou van groen gras." sê oom Frans
"Alles lyk *fine* oom. Julle kan maar gaan." laat weet Piet. Die oom maak gly die deur toe en stap terug na die bestuurdersdeur.
"Watter ouetehuis oom?" vra Barry vir die kamera.
"Huis Goeie Tyding konstabel." sê tannie Yolandie.
Toe die kombie wegtrek val daar 'n groen takkie

ongesiens op die grond. Nie veel gebeur by die *grondblokkade* vir die volgende uur nie.
'n Ou series 1 Land Rover Defender met 'n klomp visstokke op die dak trek af tussen die bloekombome by die padblokkade.
AO Staal en AO Boelie klim uit. Met hulle kleredrag kan mens aflei hulle is oppad viswaters toe.
“Middag meisies. Dinge lyk goed hier. Enige byte?” vra AO Staal
“Hier manne. 'n Ietsie vir later vanaand. Die auntie het dit vir julle gemaak.” AO Boelie sit 'n rottang-mandjie langs die opvou stoele neer.
“Vanaand AO?” vra Barry
“Ja vanaand, meisies. Hierdie is 'n 24uur kinderpartytjie.” laat weet AO Boelie die broers.
AO Staal stap na die Safari en gee 'n wolf fluit.
“*Nice setup* manne. Wat kan hierdie *baby* doen?” vra AO Staal
Barry wys trots sy *ops-centre* vir die ou manne. Hy kan op die oubase se gesigte sien dat hy Grieks met hulle praat. Barry dink dat hy seker maar hulle verslag sal moet *print* vir die twee hardebaarde. Dit is duidelik dat AO Boelie en AO Staal nie haastig is nie. Hulle gaan sit in Piet en Barry se kampstoele en maak hulleself gemaklik. Van êrens haal AO Staal twee blikbekers uit en soos 'n ge-oefende Springbokspan toor AO Boelie 'n silwer flessie uit.

# PIET EN BARRY EN DIE DAGGABOERE DEEL 1

Wat ook al AO Boelie vir hulle skink is bedoel om hulle voor te berei vir visvang. Na die knippie uit die flessie is die twee ou manne oppad na hulle gunsteling forel-stroompie, diep in die Hottentotsberge.

Vir die res van die dag is daar geen verkeer op hierdie verlate grondpad nie. Selfs nie eers Oom Frans en Tannie Yolandie het met die paadjie terug gery nie. Die son was besig om die lug rooi te verf toe daar 'n jolige geraas om die draai te kom. Piet en Barry kyk met oop monde vir dit wat oppad na hulle blokkade is. 'n Donkie kar met ligte sodat hulle beter kon sien waar hulle ry. Maar dit was nie die vreemdste wat die broers opgemerk het nie. Hierdie spesiale donkiekar het flikkerligte ook. Die solitêre donkie het 'n CEY nommerplaat op sy voorkop. Die arme ding lyk gewoond aan die *mobile commedy hour* wat hy trek. Dit wil voorkom asof niemand die karretjie bestuur nie. Die donkie ken seker die pad.

Ywerig en energiek spring die broers in aksie. Konstabel Piet gaan staan in die middel van die grondpad met sy LED flits en waai die donkiekar tot stilstand. Konstabel Barry het die kamera geaktiveer en staan paraat langs die padblokkade net vir ingeval hy moet reageer. Mens weet mos nooit wat kan gebeur nie. Piet Burger het van kleins af 'n talent waar hy onwetend leidrade onthou en

dan stelselmatig die probleem oplos. Ongelukkig het dit nie vir sy wiskunde toetse so gewerk nie. Barry aan die anderkant was erg in wetenskap en tegnologie. Hy verstaan dit net. Hy weet nie hoekom nie. Hy weet net dat hy verstaan tegnologie, en daarom het rekenaars en programmering hom ingesluk. Met Piet se vermoë om raaisels op te los en Barry die IT *guru* maak hulle 'n gedugte span. Hulle is ook van die min kadette wat hulle vuurwapenlisensies gehad het en die standaard Polisie wapenbevoegheidstoets geslaag het.

Die mobiele donkiekar partytjie het te lekker gelyk om hulle toe te sluit vir dronkbestuur. In elk geval het die broers ook besluit na 'n lang debat dat hulle die gatkant van grappies sou wees as hulle die donkiekar drywer toesluit vir dronkbestuur. Wie sou die skuldige gewees het. Die donkie of die dronk drywer. Nee wat. Te veel papierwerk en te veel moontlike grappies. Die jongmense op die donkiekar het hulle nommers en name nietemin vir die broers gegee. Die donkiekar drywer Christo Otong het Piet en Barry se nommers ook gevat. Piet het gevoel dat hulle êrens in die toekoms op Christo se knoppie gaan druk. Hy moet verseker *local knowledge* het wat waardevol gaan wees om *perps* toe te sluit. Dit is mos hoekom die broers Polisiemanne geword het. Om *perps* te vang en toe

te sluit.
Ure daarna het nog niemand by die padblokkade verby gekom nie. Barry sit in 'n groot spinnekop stoel en speel met sy tablet. Piet beman nog steed die padblokkade. Hy is nou al baie ongeduldig. In die verte tussen die bloekombome is daar 'n paar ligte wat hoppend nader kom.
"Boeta los jou ding en kom. Hier is iemand oppad." sê Piet.
"Dis nie my ding nie. Dis my tablet. Flippit. In elkgeval, dit is dalk Christo se donkiekar partytjie wat terugry." Laat weet Barry vir Piet.
Piet sê dit kan nie wees nie want die ligte hop op en af wat beteken dat die voertuig ten minste 40 km/u ry. Piet gaan staan in die grondpad en swaai sy flits van kant tot kant om aan te dui dat die voertuig moet stop.
"Barry! Sodra die *perps* stop moet jy van agter nader in hulle *blindspot*. Skyn jou flits dan in die passasier se oë. Hulle moet onkant gevang word. O ja. Soos jy nader beweeg moet jy jou flits in die spieëltjies skyn dan kan die drywer jou nie ID nie." beveel Piet.
Barry lag hardop. "Soos in die *movies*."
Die ou kombie stop 'n halwe meter voor Piet met 'n *jerk*. Piet stap na die bestuurder en wys met sy hand die venster om afgedraai word. Die bestuurder doen so en Piet sien dat dit 'n ou oom en tannie is.

"Naand Oom, Tannie," Groet Piet. Barry is op sy pos met die flits in die tannie se oë. Piet wys vir Barry om op te hou.
"Askies Tannie," se Barry.
"Geen probleem skattie. Julle doen net julle werk.
"Oom-hulle was lank weg. Dit vat mos nie so lank om gras weg te gooi nie." sê Piet vir die Oom. Oom Frans kyk na Tannie Yolandie met 'n verwarde uitdrukking op sy gesig.
"Ons het sommer bietjie by 'n riviertjie gaan piekniek, dingetjie." sê tannie Yolandie vir Piet en glimlag breed.
"Ja, ja. Piekniek by die riviertjie." beaam oom Frans.
"Oom, tannie. Dit is maar net roetine. Kan oom en tannie uit die kombie klim asseblief?" vra Piet.
Barry kyk na Piet in ongeloof. Sy gesig vra 'Regtig!' Piet antwoord weer met sy gesig wat se 'Ja regtig'. Barry antwoord terug met 'n gesigsuitdrukking van '*Whatever*'. 'n Stil taal wat hulle ouers en onderwysers teen die mure opgedryf het. Nie te praat van die Kollegehoof nie.
"Kan oom die glydeur oop maak?" vra Piet.
"Tannie ek wil tannie se hande sien." beveel Piet.
"Piet wat maak jy?" vra Barry besorgd.
"Konstabel Burger. Alles moet volgens die boek wees." vertel Piet vir Barry.
"Geen probleem skattie. Ons weet julle doen net

julle werk," sê Tannie Yolandie weer.
Die kombie was silwerskoon binne. Geen teken of self 'n idee dat daar voorheen enige tuinrommel in was nie. Piet het vinnig om verskoning gevra en die twee ou mensies laat gaan na Goue Tyding. Die res van die vroegaand was heel vervelig. Niemand het gekom of gegaan nie. Selfs nie eers die donkiekar partytjie nie. Later was tannie Duifie se koffie en beskuit ook al opgeëet.
Barry is besig om met een of ander iemand aan die anderkant van die wêreld *Call of Duty* te speel. Piet aan die anderkant sit en staar die donkerte in.
Skielik uit die bloute spring Piet op en begin soos 'n afkop hoender iets in die pad te soek met sy flits.
"Moerdyk Fudge. Hier is dit!" Piet vloek in kode. Hy en Barry het 'n hele woordeskat uitgedink van *undercover* vloekwoorde. Hierdie een is Piet se gunsteling. Dit kom glo uit die fliek *Die Hard* met Bruce Willis.
"Wat de hêl broer! Wat gaat nou aan. Is jy besimpeld?" Barry is heeltemal uit die veld geslaan. Piet buk en tel 'n groen takkie op.
"Is dit hoekom jy so aangegaan het?" vra Barry.
"Weet jy wat hierdie is? Hierdie is Aap-twak. Gras. Zoll. Dagga." kondig Piet aan.
"Nee man. Wat sal dit nou hier doen? En hoe kom daardie een ou takkie hier?" vra Barry.
"Dude. Dis die oom en tannie. Hulle is die

daggaboere wat Luitenat-Kolonel van gepraat het." sê Piet terwyl hy die takkie ruik.
"Jy raak nou *stupid*. Hoe en waar sal daardie twee oumense die goed boer? En dan hoekom sal hulle die goed groei?" vra Barry.
"Ek weet nie, en ek weet nie." antwoord Piet. "Hier is wat gebeur. Hulle groei die dagga *somewhere* met *hydroponics*. Wanneer die koppe reg is dan oes hulle dit en bring die oes hier *somewhere* na die berge waar niemand iets gaan sien nie. Hulle moet die saadkoppe afpluk en dan droog. Die sade word dan ge-*press* om die olie uit te kry." Piet skyn sy flits doer in die rigting van die berge.
"OK. Kom ons sê jy is reg en die oom en tannie is die daggaboere. En kom ons sê hulle weet hoe om *vaping* olie te maak. Waar verkoop hulle dit. Hulle gaan mos aangerand word as hulle soos *drug dealers* op die straat rond staan. Twee ou mense gaan mos 'n *easy target* maak." Barry het 'n punt beet. Piet staan en dink. Diep dink.
"Ek weet nog nie." se Piet en gaan sit. Barry is dadelik bedrywig op sy iPad.
"Cannabis Sativa. Dit is seker wat hulle *allegedly* groei." Barry airquote '*allegedly*'.
"Dude. Google en kyk hoe mens dagga olie kan gebruik in 'n *vape*." vra Piet. Hy is nog steeds diep in gedagte.
"Moenie worrie. Ons moet daardie twee skurke

arresteer.” kondig Piet aan.
“Eish ouboet. Ons kan nie net sommer hulle toesluit nie. Ons is nog net kandidaat konstabels. In elk geval is alles wat in jou kop aangaan nog net *what-ifs*'” Barry probeer Piet terugkry aarde toe. Hy weet as Piet eers in daardie mode is dit moeilik gaan wees om sy *mind* te verander.
“Kom ons bel die hardebaarde.” stel Barry voor.
“Slim plan boet.” Piet spring op van sy spinnekop stoel. Dadelik *Whatsapp groupcall* hy AO Boelie en Staal. Geen antwoord.
“Fudgesakke!” *undercover* vloek Piet.
“Moenie hulle Whatsapp nie. Hulle is te oud vir dit. Kom ons maak ons skof klaar en dan *tackle* ons hulle moreoggend vroeg.”sê Barry.
“Dude...OK dit maak sin. Dit gee ons tyd om al ons eende in 'n ry te kry. Dan vang ons daardie oom en tannie voor teetyd.” kondig Piet aan.
“Nee, *change of plans*. Ons moet uitvind waar hulle *lab* is.” sê Piet. Barry weet al dat niks wat hy nou gaan sê of doen gaan Piet van plan laat verander nie. In 'n japtrap is die padblokkade opgepak. Piet sit op die *bonnet* van die Safari met 'n jaglamp en vat spoor. Barry bestuur en hou Piet se handsyne dop. Hulle is al geoefen met hase jag in die nag op die plaas. Piet volg die kombi se spoor soos 'n Khoisan jagter.
“Hoe weet jy dis die regte spoor?” skreeu Barry vir

Piet.
"*Elementary*. Ek het gesien een van die kombi *rims* is bietjie gebuig. Dit maak so 'n *wobble* in die sand." Sê Piet. Weer iets wat hy in 'n fliek opgetel het. Stadig maar seker volg hulle die spoor oor 'n treinspoor dieper die vallei in. Teen 02:00 kom hulle op 'n ou hout en klip gebou af. Die nuwe sinkdak is die leidraad dat iemand daardie ou gebou onlangs opgeknap het om te gebruik.
Die volgende oggend stop Piet en Barry by die Strand Polisiestasie net voor 06:00. Deur die nag se ondersoek het die broers besluit dat hulle ook 'n *ops-centre* moet organiseer by die polisiestasie. Volgens hulle moet hulle in regte tyd dinge kan doen. Dit help nie hulle kantoor is by oupa en ouma se huis nie. Eerste stop was om die stasie se opsigter te gaan soek. Tot hulle verrassing is die instandhouding vir die stasie uit gekontrakteer aan 'n lokale besigheid. Nou moet hulle *undercover* rondsnuffel vir 'n plekkie wat hulle kan inrig. Êrens wat niemand gebruik of moontlik van weet nie.
Teen 07:00 kon die manne nog geen plekkie vind nie. Dit sal moet wag want hulle moet by AO Boelie en Staal aanmeld.
Daar is 'n nota teen die ou manne se kantoordeur geplak.
*Konstabels Burger.*
*Kom in en begin julle verslag optrek. Getik asb in*

*triplikaat. Ons sien julle 09:00 voor die Baas se kantoor.*
*AO Staal Oosthuizen.*
Barry neem die briefie van die deur en daar val 'n ou sleutel grond toe.
“Was seker agter die brief vasgeplak.” merk Barry op. Dit neem Barry nie lank om hulle verslag op te trek nie. Die langste was Barry wat Piet probeer oorreed om nie sy *conspiracy theories* in die verslag te sit nie. Die enigste toegewing wat Barry gemaak het was om Piet toe te laat om die dagga takkie in 'n bewysstuk sakkie te sit.
Net voor 09:00 staan konstabels Piet en Barry voor Luitenenat Kolonel Zibula se kantoordeur. Hulle is reg om die beste verslag te lewer wat Strand Polisie Stasie nog gesien het. Beide die broers het blykbaar vergeet van die oggend-parade vir die nuwe konstabels.
“Molweni Ubhutis.” Kolonel Zibule groet die broers terwyl sy met die gang opstap na haar kantoor.
“Ek het julle nie by die parade gesien nie. *Not a brilliant first impression* mannetjies.” Zibula lyk geïrriteerd, maar die broers ken haar nog nie goed genoeg om werklik te kan sê nie. Die Kolonel sluit haar kantoor oop en stap binne.
“Kom Boeties. Julle het vir my gewag.” se Zibula.
Piet en Barry kyk verward na mekaar, want Die

AO's is nog nie daar nie. Barry gee die *'Wat nou'* kyk. Piet mors geen tyd nie. Hy trek Barry agterna aan sy uniform mou.
“Sit manne. *Right, to business*. Hoe was julle *roadblock*?” vra die Kolonel. Beide die broers is nou meer deurmekaar as voorheen. Hoe het sy geweet wat aangaan.
“Ek kan sien julle is *confused*. Julle vra seker, *How did she know?* Dit is my werk om alles te weet. Onthou dit.” se Zibula. Sonder om verder tyd te mors gaan sit die broers soos die Baas beveel het. Barry gee vir Zibula and Piet elk 'n tablet wat met sy iPad via *bluetooth* gekoppel is. Die Kolonel lyk uit die veld geslaan. Hierdie is duidelik iets nuuts vir haar.
“Laat waai boet.” se Barry vir Piet.
“Kolonel soos u kan sien is dit hoe ons die padblokkade opgestel het. Ons het waarskuwings om die verkeer te laat weet hulle moet spoed verminder. Daar is 'n duidelike plek om te stop sonder om ander verkeer te blokkeer.” Piet gaan voort om die hele uitleg van hulle padblokkade te verduidelik.
“OK baie *impressive* maar *fast forward* na die *good stuff*. Kon julle enige *clues* kry oor die dagga ding?” vra Zibula. Piet en Barry kyk vir mekaar. Piet vra met sy kyk of hy sy teorie moet deel. Barry se gesig laat weet *'Whatever'*. Piet ruil sy en Barry

tablet en probeer navigeer na die fotos van die ou klip skuur wat hulle ontdek het. Piet sukkel en ruil weer die *tablets* terug.
"Die *pics* van die *lab*." sê Piet vir Barry. Sonder moeite navigeer Barry na daardie afdeling.
"Ons dink dat die *suspects* hierdie gebou gebruik om die dagga te verwerk." Barry vee stadig deur al die fotos wat hulle geneem het van die skuur se buitekant. Hy wys dan ook 'n *'walkaround'* video. Die beeld op die video raak skielik rukkerig met net die gekapte klippe van die skuur op die beeld. Dan kom 'n houtraam venster in beeld. Die beeld wys die donker interior van die skuur. Niks is sigbaar. 'n Skerp flitslig verlig die beeld van die binne ruimte van die skuur. Zibula se mond val oop en kyk die broers aan asof sy 'n paar vloekwoorde wil sê maar besluit daarteen.
"Yip, ons weet Kolonel. Hierdie is die *lab* waar die *perps* hulle dinge doen." laat weet Piet.
"OK, boeties. *Pause for a moment*. *Rewind* na hoe julle die ge-*discover* het." vra Zibula vir die details. Piet gaan voort om vir die Kolonel te vertel van die oom en tannie met die kombi. Soos Piet die storie vertel wys Barry video materiaal van die padblokkade kamera. Barry het die hele nag gesit en *footage* kyk om te sien of hy per ongeluk die dagga takkie kan sien uit die kombi val. Ongelukkig was daar geen video wat dit gewys het

nie. Die tweede beste wat Barry kon doen was 'n *before-and-after* van die kombi wat daar stop en die kombi wat wegry met die takkie wat dan op die grond lê.

"OK manne. Hierdie is *circumstantial*, maar ek kan dalk *organise* dat die *team* by die ouetehuis kan gaan *snoop*. *Maybe* kry julle beter *evidence*." sê Zibula. Die volgende oomblik is daar 'n geklop aan die kantoordeur. AO Boelie en AO Staal loer by die deur in.

"*Come in officers*." sê Zibula. Piet en Barry wil opstaan maar Zibula wys hulle moet sit.

"Weet julle ou manne van hierdie?" vra Zibula. Die ou manne staan daar met oop monde en vraagtekens op hulle gesigte.

"*Come we need to plan this in private.*" sê Zibula en staan op. "*This is now our case and our bust.* Die *drugs* manne moet niks weet nie." beveel Zibula.

**Word vervolg ...**